Downloaded from Stanmorephysics.com



**KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL**

**FINALE EKSAMEN –2018**

**AFRIKAANS – EAT**

**VRAESTEL 2 – LETTERKUNDE**

**GRAAD : 11** | **EKSAMINATRISE : P. RAMJEE**

**TYDSDUUR : 2 UUR** | **MODERATRISE : A. RAMNATH**

**PUNTE : 70** | **DATUM: 13 /11 / 2018**

**NAAM :-------------------------** | **GRAAD:-------------------------**

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE:**

- Hierdie vraestel bestaan uit ----------8--------- bladsye.
- Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

  Afdeling A : Poesie ( 35 )

  Afdeling B: Kort Verhale ( 35 )
- Beantwoord **AL** die vrae.
- Nommer jou werk presies soos die vraestel.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skryf die voorletters van jou onderwysers bo-aan jou antwoordboek.
- Tydsindeling : Bestee 30 minute aan elke afdeling.

## AFDELING A : POESIE

**BESTUDEER DIE ONDERSTAANDE GEDIGTE EN BEANTWOORD DIE VRAE DAAROOR.**

## VRAAG EEN : KATIE MELUA

*Liriek*

### *katie melua*

*16 September 2008*

bye dans
korwe
drup nektar
'n stadion wag
vir die *happening*
en lywe se *swing*

groen kykers flits
op die verhoog
smal vingers
stryk harte
en 'n dy wieg

manne kry die *blues*
toe sy op versvoete
met rymende drif
lirieke uitdeel
en melodieë smokkel
iemand verlang
na die ver ver tyd
katie se *timing* is perfek

*if you were a sailboat i would sail you to the shore*
*if you were a river i would swim you*
*if you were a house i would live in you all my days*
*if you were a preacher i'd begin to change my ways*

vanaand is die maan vol gloei

met hartstog slaan sy die kitaar
en haar vingers laat tril die snaar

**VRAE:**

1.1 Wat is Katie Melua se beroep? 1

1.2 Waarom dink jy word die **subtitel** "16 September 2008" genoem? 1

1.3 Reël 1 : " bye dans "

1.3.1 Noem die **beeldspraak.** 1

1.3.2 Verduidelik die beeldspraak. 1

**1.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.**

1.4.1 " korwe " verwys na ( hokke vir bye / Bome waar bye hulle neste maak.) 1

**1.5 Kies die regte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.**

1.5.1 Die stadion waar die konsert plaasvind is in :

A. Kaapstad
B. Johannesburg
C. Durban
D. Londen 1

1.5.2 Watter musiekinstrument speel Katie?

A. Kitaar
B. Viol
C. Konsertina
D. Klavier 1

1.5.3 Die woord " happening " verwys na :

A. Danskompetisie
B. Die sokkerwedstryd
C. Die konsert
D. Die fliek 1

1.6 Waarna verwys die " groen kykers " in versreël 7? 1

1.7 Watter aksies van die mense word in versreël 6 en versreël 11 beskryf? 1

1.8 Beskryf die atmosfeer wat deur Katie se musiek geskep word. 1

1.9 Sê hoekom die volgende stelling **waar** is. Haal **een woord** aan om jou antwoord te motiveer.
Die manne het 'n hartseerverlange. 1

1.10 **Haal drie agtereenvolgende woorde** aan wat na die verlede verwys. 1

1.11 Strofe 4 is die -------------- van die liedjie. 1

1.12 Wat is die **funksie** van die alliterasie en assonansie in die gedig? 1

1.13 Gee 'n rede waarom daar geen punktuasie in die gedig is nie. 1

1.14 Haal 'n **versreel** aan wat daarop aandui dat Katie passievol oor haar musiek is. 1

[ 17 ]

Blaai om bl. 4


**VRAAG TWEE : HERE BE DRAGONS**

*Here Be Dragons*

pa se kodewoord
draf ek in 'n oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my religie en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys




waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?

los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar 'n virus wees
'n wurm of 'n Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat



sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van 'n pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
'n USB vir my gemoed?

of gaan jy stug 'n vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?

Blaai om ----- bl. 5

**VRAE:**

2.1 Watter soort spreker kom voor in die gedig? 1

2.2 Waarna verwys die titel? 1

2.3 " my muis surf dwingend " versreël 3 is 'n ( personifikasie / metafoor) 1

2.4 Haal drie agtereenvolgende woorde aan wat daarop aandui dat die spreker sy pa se wagwoord blitsvinnig kry. 1

2.5 Volgens die spreker , wat is sy religie? 1

2.6 Haal een woord aan wat met aksenttekens beklemtoon word. 1

2.7 Waarom word die versreël " los my pa, laat my gaan " herhaal? 1

2.8 Die woord " maar " verwys na 'n ------------------. 1

2.9 Verskaf 'n rede waarom die spreker vir sy pa vra om sy hart oop te hou ( strofe 6). 1

2.10 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 8 aan. 1

2.11 Noem een virus waaarna die spreker verwys. 1

2.12 Kies die regte woorde uit die woordeblok om die paragraaf te voltooi.

| | | |
|---|---|---|
| rekenaar | selfvertroue | Vryheid |
| Internet | hulpeloos | vrees |

In die gedig waarsku die pa die kind oor die gevare van die 2.12.1----------------------. Die spreker wonder oor die gevare maar vra sy pa om vir hom 2.12.2-------------- te gee . Aan die begin is die kind vol 2.12.3-------------------- maar later is hy 2.12.4---------------------.

[4]

2.13 Noem die rymskema in die gedig. 1

2.14 Bespreek die toon in die gedig. 1

2.15 Jy is 'n ouer en jou kind bestee die meeste van sy / haar tyd op die internet.

Wat sal jy doen? 1

**[ 18 ]**

**TOTAAL [ 35 ]**

**Blaai om-------bl . 6**

**AFDELING B : KORTVERHALE**

**VRAAG DRIE : DIE GESKENK**

**BESTUURDER DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE.**

Ek sien Pa skaars, net soggens by brekfis. Hy kom laat van sy werk af, en drink dan 'n drankie en gaan dan uit. Soms sê hy vir my: "Toe, kom sit hier," wanneer hy sy drankie drink. Dan sit ons en kyk deur die groot glasvenster na die baai wat daar onder lê, en ons kyk na die liggies wat so een vir een en dan sommer in trosse aangaan. Ons praat nie baie nie. Eers was die liggies vir my mooi, maar nou wanneer ek so by Pa sit, smeer hulle en loop saam en my keel trek saam, my keel word droog en ek kan nie praat nie.

3.1 Watter soort verteller is aan die woord? 1

3.2 Haal **een** woord aan wat daarop aandui dat die die verteller naby die see woon. 1

3.3 Wie skinder oor die verteller se pa? 1

3.4 " Hulle sê vir my vandag by die skool dat die weduvrou 'n ander kêrel het en dat Sy uitgemaak het met my pa "

3.4.1 Wat is 'n weduvrou? 1

3.4.2 Hoekom sal die verteller nie haar pa herken as sy hom saam met die weduvrou sien nie? 1

3.5 Wat vind die verteller in haar ouers se kamer? 1

3.6 " Dis mos nie my verjaarsdag nie , sê ek "

3.6.1 Met wie praat die verteller? 1

3.6.2 Waarom sê sy die' woorde? 1

3.7 Rangskik die volgende sinne in die **regte volgorde.** Skryf net die letters neer.

A Die verteller gaan badkamer toe en probeer die geskenk was.

B Die geskenk het van parfum geruik.

C Sy beskadig die geskenk.

D Sy gooi Detol daarop. 4

Blaai om-------bl. 7

3.8 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die nommer en antwoord neer.

| A | | B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | Nora | A | oorlede |
| 3.8.2 | Verteller se ma is | B | Verlei die verteller se pa |
| 3.8.3 | Weduvrou | C | Huishulp |
| 3.8.4 | geskenk | D | hartseer |
| 3.8.5 | toon van die verhaal | E | peperduur |
| | | F | spotgoedkoop |

[ 17 ] 5

**VRAAG VIER : DIE KIND**

**LEES DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE.**

Dit is 'n helder someroggend toe Pa van die kerk kom. Sommer so met die intrapslag dié Sondag kry sy hoed die kapstok en word die karwats en stofjas eenkant toe gegooi. Buite verdwyn die werfhond stert tussen die bene onder die heining in.

Oudergewoontė bestorm ons oudste vier Pa jillend in die hoop vir 'n suurklontjie uit sy manel se onderbaadjiesak, maar vandag steek ons vas en loer vir hom met groot oë van agter die traporreltjie.

Vandag moet ons in ons pasoppens wees. Laas toe ons Pa so gesien het, was toe die vrag witstinkhout in die slag gebly het. Vandag neuk jy nie met hom nie. Kinders moet gesien word ...

**VRAE:**

4.1.1 Waar vind die verhaal plaas? 1

4.2 Die verhaal is 'n ( **historiese / wetenskaplike** ) verhaal. 1

4.3 Wat is die verteller se naam? 1

4.4 Sê hoekom die volgende stelling **ONWAAR** is. Haal een woord aan om jou antwoord te motiveer. **Pa het per motor kerk toe gery.** 1

4.5 Waarom was die kinders bang toe hulle pa van die kerk af teruggekom het? 1

4.6 Wat is die verhouiding tussen Souf en die Gerickes? 1

4.7 Kies die regte woord tussen hakies. Skryf net die nommer en letter neer.

4.7.1 Die --------------------- het gesuggereer dat die Gerickes hulle kind moet weggee.

A. Bure

B. Dokter

C. Familie

D. Dominees 1

Blaai om ------bl 8

4.7.2 Die verteller was lief vir ---------.

A. Wetenskap

B. Wiskunde

C. Afrikaans

D. Engels 1

4.8 "------------- die klein Gerickertjie het 'n soettandjie---------"

4.8.1 Word die stelling konnotatief of denotatief gebruik? 1

4.8.2 Verduidelik jou antwoord. 1

4.9 Gee een voorbeeld uit die verhaal wat daarop aandui dat die gesin baie godsdienstig was. 1

4.10 Sê waarom die volgende stelling 'n **feit** is.

Die egpaar wat die kind wou aanneem was buitelanders. 1

4.11 " Die vreemde man en vrou staan regop langs mekaar "

Wie is die vreemde man en vrou? 1

4.12 Dink jy dat die verteller se ouers die regte besluit gemaak het? Sê **ja** of **nee** en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

4.13 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die nommers en letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 4.13.1 bruinpapiersak | A. die jongste kind |
| 4.13.2 Norman | B. geld of babaklere was daarin |
| 4.13.3 Plek waar die vreemde man en vrou woon | C. Swellendam |
| 4.13.4 Die sendelingegpaar se gesindheid. | D. Genadendal |
| | E. Die oudste kind |
| | F. ondankbaar |
| | |

[ 4 ]

**TOTAAL : 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY